DSPACE

https://dspace.org/

Die Hollandse en afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-afrika, 1824-1940

Combrinck, Wilhelmus Gerhardus

2015-02-13
http://hdl.handle.net/10539/16995

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

dr. A.N.E. Changuion. 'n Paar van hulle is gedig in navolging van gedigte in ander tale. „Elegie geschreven in den Bouwvallen van een Bergslot" is 'n navolging van die Hoogduitse gedig van Matthisson. (Dl XIII 234).

In die „Voorlezing van den Hr. D. Denyssen (Dl XII) word 'n gediggie van A.N.E.C(hanguion) aangehaal wat die volksplanting na die Kaap huldig en veral Van Riebeeck as stigter.

Sy „Vertalingen uit de Reis van Lamartine naar het Oosten" (Het Ned. Z.A.T. 1840) bewys dat hy ook van hierdie Franse digter 'n hoë dink gehad het.

J.G. Swaving 'n Hollandse interpreteur en translateur van het Hooge Geregtshof was ook 'n aanwins vir Het N.Z.A.T. Hy het in 1825 na Suid-Afrika gekom. Die uittreksels van „Sy Reizen en Lotgevallen" wat in die tydskrif gepubliseer is (N.Z.A.T. Dl V) was van die interessantste leesstof vir die lesers. Net soos Borcherds en Africanus het hy ook die S.A. geskiedenis bestudeer. Sy werk „Vluchtige Biographische Schets van de 28 Hollandsche Gouverneurs van de Kaap de Goede Hoop, ens." word in Het Ned. Z.A.T. aangekondig. Sy naam verskyn ook onder die stigters van die „Maatschappy ter uitbreiding van beschaving en Letterkunde" in 1833.

POëSIE.

Die Tydskrif is baie skraal van poësie. Behalwe die reeds genoemde poësie van ds. Borcherds en die vaderlandsliewende gediggie „Het Vaderland" van die „beminlyke Afrikaansche digteres" Sophiana en 'n gedig deur Kronenberg is die meeste gedigte wat geplaas is die van Nederlandse digters. Soos Tollens: „De Algemeene Bededag in Nederland", „Aan Chassé" en „Vergankli;kheid" en Cats: „Tafelwette".

Die huislike poësie van Cats vind 'n navolger in W.H. Warnsinck Bz. „Tafereel van een Gelukkig Burger Gezin" (DlXi 1834 bl. 120). Beter inlewing vind ons in sy „De

Godsakker/...

Godsakker" waarin die sombere doodsheid van die kerkhof tog afgewissel word deur die kleinlike natuurlewe van vlinders en bye tussen die blomme.

Die modepoësie van Bilderdyk het ook die bewondering van die redaksie van Het Ned. Z.A.T. getrek. 'n Paar van sy gedigte word geplaas soos Ouderdom (Jrg. 1839) en „'t Gebed" (Dl XV 1838).

„Dichtkunde volgens Horatius" (Dl XIV 1837) bewys dat die redaksie gekant was teen die Franse Romantiek en deels nog die klassieke aangehang het.

LETTERKUNDIGE KRITIEK.

Was die poësie in Het Ned. Z.A.T. baie skraal dan was die letterkundige besprekings nog skraler. Die „Maatschappy ter uitbreiding van beschaving en Letterkunde" het in hulle statute neergelê dat „Boekbeschouwing" een van hulle vernaamste werksaamhede sal wees. Aan hierdie plan het hulle egter nie uitvoering gegee nie. In die tweede jaargang behandel die redaksie onder „Boekbeschouwing" die „Merkwaardige verhaal van Michiel Christiaan Vos als predikant der Hervormde Christelyke gemeente op onderscheidene plaatsen in Nederland, Afrika en Azië van zyne jeugd af tot den tyd van zyn Emeritusschap door hemzelven in den jare 1819 briefsgewyze aan eenen vriend medegedeeld." Hierdie roman in briefvorm word hier net aangekondig. Net 'n kort inhoudsopgawe van die verskillende briewe word verstrek.

Die Rev. John Philip se „Researches in South Africa, illustrating the civil, moral and religious condition of Native Tribes", word ook besprook. Hierdie bespreking, vermoedelik van die redakteur, is besonder skerp en aanvallend. Noukeurig word die beskrywings van die skrywer ontleed. Sy bewerings word wetenskaplik weerlê. Hy ontmasker dr. Philip wat probeer poseer as 'n belangrike persoon. „Hy gewaande

liberator/ ...

liberator - gy misleidt gansch Engeland en beleedigt en schandvlekt het geheele Kaapsche volk, tor kwader trouw, door uwe schandelyk verdraaide en vervalschte voorstellingen." 'n Boekie gedigte wat seker baie gebruik is aan die Kaap was die gedigte van die Nederlandse digter H. van Alphen. Gevolglik verskyn daar in Het Ned. Z.A.T. (Dl XVI, 1839) 'n voorlesing „Over H. van Alphen als Kinderdichter" gehou deur J. Clarrisse.

Van Alphen se kuns en gawe om die kind natuurlik voor te stel en alles van die kind te begryp asook sy gelukkige kunsgreep om alles i.v.m. die godsdiens te bring vorm die vernaamste punte in hierdie bespreking.

Suasso de Lima se „Geschiedenis van die Kaap de Goede Hoop" word deur die redaksie in sterk bewoorde taal veroordeel. Die boekie sou nogal nuttig gewees het as 'n handleiding vir kinders was dit nie dat daar op elke bladsy „een absurditeit of onwaarheid in het geschiedkundige gevonden wierd." En daarom is dit benede alle kritiek.

Hierdie paar boekbeskouings is die enigste wat in die tydskrif verskyn het.

DIE BETEKENIS VAN HET NED. Z.A.T. EN SY ONDERGANG.

Het Ned. Z.A.T. was van die begin af vir sy bestaan grootliks afhanklik van artikels, verhale of poësie uit Europese blasie en tydskrifte, veral van Nederland. Die tydskrif dra dus 'n duidelike Nederlandse stempel soos bewys die vele bydraes ontleen aan die werke van Nederlandse skrywers of bydraes op Nederlandse lees geskoei. So erg het dit geword dat die lesers in 1836 daaroor begin kla het. Die bestuur van die „Maatschappy" en „Tydschrift" het toe die werk verdeel onder die lede van die redaksie. Vir 'n kort tydjie was daar 'n opflikkering en in Deel 17, Jrg. 1840, moet die redaksie in die Naschrift die stukke self aanprys. Hulle wys op die groter

verskeidenheid/...

verskeidenheid en meer luimige stukke wat in hierdie jaar geplaas is soos die „bevallige en digterlik afgetekende; „Geest verrukking van Las Casas" en „Hermion's Droom". Maar altwee hierdie bydraes is vertalings uit die Hoogduits.

Toe die blad begin kwyn het, het dr. A.N.E. Changuion die blaam gelê op die moeilikhede wat die kolonie moes verduur gedurende die bloedige tydperk van 1834 - 35, wat die aandag afgetrek het van die „Stille bedryven des vredes".

In 1843 toe dit blyk dat die ingesamelde gelde skaars die onkoste van die tydskrif kon dek en besluit was om die uitgawe te staak, het dr. A.N.E. Changuion in „Naschrift" van die laaste nommer die koloniste bitter verwyt „dat het eenig geschrift in uwe moedertaal uw onverschillig was. Zal dan het spreekwoord ‚dat op Kaapschen bodem niets bestendigs zyn kan' ook in dit bewaarheid worden?"

Dr. A.N.E. Changuion en die bestuur van Het Ned. Z.A.T. en Maatschappy ter uitbreiding der beschaving en Letterkunde het nie met die vername faktor rekening gehou dat omstreeks 1830 Afrikaans in sy volle wordingsgroei was en dat Het Ned. Z.A.T. te styws lektuur was.

Daarenteen het die blad „De Zuid Afrikaan" 'n vaste sielkundige bestaan gehad omdat dit die Suid-Afrikaanse siens-wyse vertolk het teenoor die uitheemse die onafrikaanse.

Het Ned. Z.A.T. het as baanbreker onberekenbare dienste bewys in die handhawing van Dietse kultuur in Suid-Afrika. Het Ned. Z.A.T. was in die tyd van gisting en woeling 'n sterk teëwig teen verengelsing. Ds. Faure, as die stigter, ds. Borcherds en dr. Changuion as die vernaamste medewerkers het baanbrekerswerk verrig wat die Afrikaners se oë vir die toekoms sou oopmaak.

Die bal was nou aan die rol. Reeds voor die staking van Het Ned. Z.A.T. in 1843 het ds. Faure al besef dat die tydskrif besig was om dood te kwyn en hy het begin om 'n

kerkblad/...

kerkblad „De Honigby" uit te gee. In 1849 is dit vervang deur „De Kerkbode".

---

2. HET ZUID-AFRIKAANSCHE TYDSCHRIFT (1878 - 1893).

Die Ontstaan, Doel en Gerigtheid van Het Zuid-Afrikaansch Tydschrift, 1878 - 1893.

Die bietjie eenheidsfront wat daar onder die Afrikaanse Koloniste ontstaan het, as gevolg van „De Slagtersnek Opstand", Die Taal ordonansies van Somerset, en die Hottentot verordenings is wreed verstoor deur die gebeurtenisse wat vanaf omstreeks 1834 in die kolonie plaasgevind het. Die vrystelling van die slawe het in 'n oogopslag die meeste boere van hulle werkvolk beroof; Die Oostelike kolonie was in rep en roer as gevolg van die sesde Kafferoorlog en dadelik daarna begin die strome van Die Groot Trek. Hierdie gebeurtenisse het die geestes konsolidasie vir 'n tyd in die war gestuur.

Na 1840 kom daar 'n insinking en 'n geweldige vloedgolf van Engels dreig om die Afrikaner te verswelg. Op die skole word die oorheersing van 1839, oor Hollands as vak op skool jammerlik vervaagsaam. Selfs Changuion se Instituut was nie teen verengelsing bestand nie. Die Hollandse koerante van destyds De Zuid-Afrikaan en Het Volksblad word, wat hulle redaksionele kolomme betref, tweetalig.en selfs in die Vrystaat en die S.A.Republiek (Transvaal) het De Volkstem en De Vriend ook begin tweetalig word.. Ook in sommige kerke veral De Groote Kerk in Kaapstad word in Engels gepreek. Die gebruik van Engels as kansaltaal in die Nederduits Gereformeerde Kerk word ernstig bepleit.

Hierdie toestand van sake het baie Afrikaners laat weemoedig voel en 'n geroep vir Moedertaal onderwys word orals gehoor. Dit het nou duidelik geword dat Hollands as stryd-middel teen Engels 'n mislukking was. Hollands was so te sê

'n vreemde/...

'n vreemde taal by die meeste Afrikaners. Die Hollandse spraak in die mond van die Knapse Kolonis het alreeds verafrikaans.

Die Engelse het goed gebruik gemaak van hierdie feit. Aan Hollands het hulle geen ag geslaan nie maar Afrikaans het hulle uitgemaak as 'n „jargon". Die Voorstanders van Hooghollands het Afrikaans net so verag en verneder as 'n „brabbeltaal". Maar die geskrifte in Afrikaans wat in die verskillende koerante van daardie tyd verskyn het, het die Afrikaners moed en vertroue gegee en onder die verdere stimulus van sulke Nederlandse Taalgeleerdes soos dr. Brill en Pannevis het ds. S.J. du Toit in sy 71 stellinge 'n kragtige pleidooi gelewer vir „Afrikaans as Volkstaal". In 1875 is Die Genootskap van Regte Afrikaners gestig om die oorweldigende stroom van Engelse invloed te stuit deur middel van hierdie volkstaal en met Di Patriot as hulle vernaamste wapen.

Maar dr. Brill het voorspel dat Afrikaans 'n sware stryd sou moes stry teen Hollands en Engels.

Groot was die vooroordeel teen, die teëwerking en wanvoorstelling van die blad en die doel en strewe van die voorstanders van die beweging. Die Hollandse en Engelse blaaie in die Kolonie het alles gedoen om die blad tee te werk en te bespot en die predikante was van die felste teenstanders.

De Zuid-Afrikaan; die Cape Times, „De Volkstem", die „Express" en die „Cradocksche Afrikaan" het almal te velde getrek teen „Di Patriot". Die Cradocksche Afrikaan se uitlating was dat „Zotter onderneming is onzens inziens, wel byna niet denkelyk".

Nou tree Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan) tevoorskyn as 'n kampvegter vir Hoog Hollands.

Deur sy toedoen herlewe Het Ned. Z.A.T. weer in 1878

as "Het/...

as „Het Zuid-Afrikaansch Tydschrift".

Die doel wat J.H. Hofmeyr beoog het met H.Z.A.T. was 'n poging om Hollandse leesstof aan die volk te verskaf in teenstelling met Die Genootskap van Regte Afrikaners se Afrikaans in Di Patriot. Die Fonetiese spelling van Di Patriot het baie vervreem en 'n teenbeweging ten gunste van Hollands ontstaan. Die predikante, onderwysers e.a. wat hulle opleiding in Holland gehad het was die ergste gekant teen Die Genootskap vir Regte Afrikaners. Die taal van Di Patriot was volgens hulle mening nie geskik vir die opbouing van 'n Dietse kultuur in S.A. nie. Dit is slegs 'n plat, onbeskaafde dialek van Hoog Hollands.

In die „Voorwoord" van die eerste uitgawe, Februarie 1878 meld die redakteur dat daar vir enige maande in die Hollandse blaaie aan die Kaap die denkbeeld geopper was om 'n genootskap te stig ter bevordering der beoefening van het Nederduitsch" en dat die Hollands lesende bevolking van Suid Afrika behoefte gehad het aan 'n algemene literatuur. Ook moet in ag geneem word die waarde van die geskrewe woord om nasionale eenheid en eendrag moontlik te maak teen die verbrokkelende mag van min aanraking en groot afstande in Suid-Afrika. „Wy stellen ons voor den Hollandsch lezende kolonist te voorzien van algemeene lektuur in de allerduidelykste en meest verstaanbare taal. Wy streven daarom in de eerste plaats er naar om populair, maar tevens om degelyk te zyn."

Die redaksie het 'n les geleer van Het Nederduitsch Z.A.T. wat gekwyn het deurdat dit te hoogdrawend was vir sy lesers.

Dus na 'n tydperk van 35 jaar waarin daar geen tydskrif verskyn het nie, verskyn Het Z.A.T. as 'n maandblad in Februarie 1878. Reeds in Januarie van dieselfde jaar het J.M. Belinfante „Het Afrikaansche Familieblad" in Kaapstad uitgegee. Hy was 'n lid van die rederykers kamer „Aurora" en het ingesien dat die gebrek aan 'n tydskrif 'n ongewenste toestand

was/...

was. Met die verskyning van H.Z.A.T, in Februarie het hy besluit om gehoor te gee aan die gevoelens van so baie om „Het Afrikaansche Familieblad waarvan het eerste nommer onlangs by hem verscheen, met Het Z.A.T. te vereeniging". Hy beloof dan ook die nuwe tydskrif alle hulp en steun.

Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift rig hom tot die familie en „alle bittere polemiek over godsdienst en staatkunde mydende" te dien tot vermaak en lering van die Afrikaanse bevolking.

Die Tydskrif bevat gewoonlik 'n vervolg verhaal of kortverhaal bv. „Tusschen Lip en Beker".

Levensskets: Soos die van Bismarck (H.Z.A.T. 1885-1886) en J.W.S. v.Oordt se „Willem de Zwyger".

Historiese verhale soos „De Kryg van de Byl" (Een verhaal uit den Kafferoorlog van 1846.)

Wetenskaplike onderwerpe: soos „Wat is dynamiet?", Het Tweede Gezicht, oor Taalstudie en oor gesondheidsonderwerpe by mense en diere soos die besmetlikheid van tering en perdesiekte.

Reisbeskrywings: soos „Een Toertje naar Montenegro" - wat soos die redaksie aankondig so interessant as 'n novelle is en so leersaam soos 'n historiese verhaal.

Verder vind die leser allerhande bydraes van 'n populêre aard soos reisbeskrywings, landboupraatjies en gesondheidspraatjies. Tussen die prosa in vind gedigte ook hulle plek as ook 'n rubriek „Boekbeschouwing". Die rubriek „Boerdery" word deur F.W. Reitz waargeneem. Allerhande interessante onderwerpe i.v.m. die boerdery word behandel soos bv. Phylloxera, De Export van druiven, Bladluizen , De Kaapschen Wyn Industrie. Hy probeer om die boere se belangstelling gaande te hou deur korrespondensie uit te lok. Maar destyds was dit 'n mislukking en twee jaar later staan hy hierdie

rubriek/...

rubriek aan 'n ander af. C.P. Hoogenhout was vir 'n tydlank verantwoordelik vir die rubrieke „Boerdery" en „Gezellig Tydverdryf". Hy was ook vir baie jare mederedakteur van die tydskrif.

Die rubriek „Godgeleerdheid en Wysbegeerte" was deur prof. Marais waargeneem. Hierin word gewoonlik 'n oorsig gegee van geestelike werke wat verskyn het en belangrike gebeurtenisse op kerklike gebied behandel. Sulke boeke soos „De Compagnie van Loyola" deur dr. A.H. Raabe; „Het Leven van Jezus" deur J.H. Gunning.

Op die versoek van die lesers dat hierdie rubriek populêr moet gemaak word sodat die gewone leser dit ook met graagte sal lees, antwoord die redakteur in 'n voet-nota waarin hy verwys na die Prospectus, waarin aangekondig word dat „Godgeleerdheid en Wysbegeerte enkel voor onze predikanten zou worden geschreven."

Die wetenskaplike medewerker gee baie wetenswaardige mededelings onder die opskrif „Wetenschappelyk". Hierdie stukkies word meestal uit Europese blaaie geneem. „Snippers" is 'n soort van „Van Alles Wat".

„Correspondentie" is afgesonder vir die vrae en opinies van die lesers. Dit is 'n groot faktor om 'n tydskrif populêr te hou. Baie Europese blaaie maak gebruik van hierdie metode. Later word 'n rubriek bygevoeg vir tuinbou; nl. „Tuinbouw Almanak".

Het Z.A.T. regverdig sy bestaan met 'n interessante en leersame inhoud en in 1891 word dit die orgaan van die „Zuid-Afrikaansche Taalbond".

In Aug. 1890 word die redakteur J.H. Hofmeyr opgevolg deur J. van der Tuuk, wat 'n getroue medewerker was van die tydskrif veral op taalkundige gebied.

Bydraers/...

BYDRAERS EN BYDRAES VAN H.Z.A.T.

1. PROSA.

H.Z.A.T. bevat baie stukke geskiedenis en historiese verhale. Sulke verhale dien uitstekend om te voldoen aan die doel waarvoor die tydskrif ywer, naamlik die opwekking van vaderlandsliefde. Waar moontlik bevat die verhale ook 'n godsdienstige strekking.

By die geskiedenis van „De Camisarden" (H.Z.A.T. 1888) meld die redakteur dat „wy geloven dat de schryver die ons een getrouw beeld van de groote helden uit wat wy den romantischen tyd van het Protestantisme kunnen noemen, wilde geven een goede dienst zou bewyzen niet aan de geschiedenis alleen maar ook aan den Godsdienst." Partykeer word die dokumente omtrent sekere geskiedenis net herdruk bv. Slagtersnek (1879 - 1880).

In Ds. D. Postma Jnr. se sketse „De Trekboeren na Afrika's West Kust"; „De Trekboeren en Humpata" (1888) 1890 kry ons geskiedenis van staat en kerk saamgeweef. Hierdie sketse is in 1897 saam met ander sketse as 'n boek gepubliseer. „Eenige Schetsen voor een Geschiedenis van de Trekboeren naar St. Januario, Humpata" is 'n boeiende, hartverskeurende verhaal van die lyding van mense en diere in 'n dorre woestyn.

Dr. J.W.G. Van Oordt, wat in 1853 na Suid-Afrika gekom het as leraar in dr. Changuion se Instituut het hom veral toegelê op die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Na 'n deeglike lewensskets van Willem de Zwyger (H.Z.A.T. 1878) volg 'n vertoog oor „Onderwys in Geschiedenis" (Z.A.T. 1878). Om die geskiedenis onderwys te verbeter het hy self 'n proef van 'n leerboek in geskiedenis gelewer om te dien as aanvulling by die werk van Theal nl. „Inleiding tot de geschiedenis van Land en Volk van Zuid-Afrika" (Z.A.T. 1891). In sy bespreking van hierdie werk wys dr. Brill op die geskiktheid van die werk en die juistheid van die feite.

Dr. Van/...

Dr. Van Oordt se seun J.F. van Oordt het onder die pennaam D'Arbez 'n hele reeks historiese verhale geskryf waarvan die eerste hoofstukke van „Mimi de Wet" in H.Z.A.T. 1893 verskyn het. Nadat hy eers kortverhale „De Familie Venterberg" (H.Z.A.T. 1892), De Schoolmeester (1891) en De Karweyer (1892) probeer het, wend hy hom tot geskiedkundige verhale. Die kort verhale en sketse bevat volgens die gees van die tyd elkeen 'n sedelessie.

Africanus (D.C. de Waal) se Verhaal uit die Grenslewe van 1815 (1879) behandel die geskiedenis meer dramaties. Die karakters in die verhaal is handelende persone en uit hulle gesprekke en dade leer ons die geskiedenis.

Theod. M. Tromp se bydraes: De Roos van Kimberley (1882 - 1883) en De Twee Broeders (Een roman uit den Transvaalschen Oorlog) (1885) en „De Hut op Arendsberg" is boeiende, spannende verhale. Die delwertipes, delwerlewe en hulle omgewing word lewendig weergegee.

Van dr. A.J. Dieperink verskyn 'n paar leersame stukke van aardrykskundige aard soos „Het Eiland Java" (1879) „Eene Model Kolonie" waarin die volksplanting op die Kokos of Keeling Eilande beskryf word (1878). En „Bezoek aan het Eiland Mauritius" (1880).

Die sedeles literatuur van die tyd word in sy verhale die suiwerste gevind bv. Een Waarschuwend Voorbeeld (1886) waarin die verhaal dien as waarskuwing teen die metodes van die Rooms Katolieke om hulle kerk uit te brei. Die Schyndoode (1887) is 'n waarskuwing teen haastige begrafnisse.

Sy novelle word gekenmerk deur die sentimentele romantiek van die tyd voor 1880 bv. „Een huwelyk op het Slagveld" (1879) 'n romanties historiese episode uit die Vryheidsoorlog in Amerika; „Sombedro" (1879) 'n Javaanse karakterskets en „Sariba of de Verwoesting van Anjer" (1885).

Schetsen/...

„Schetsen uit den Oranje Vrystaat" deur F.W.R(eitz) en „Schetsen uit den Vrystaat," deur F. (1890) vermoedelik deur dieselfde persoon, behandel die vernaamste persoonlikhede van 'n Vrystaatse dorp. Die Vrederegter, predikant en dorpenaars word tipies en met fyne humor geskets. Die laaste skets is grappige jagavonture.

Die skrywer van „De Kryg van den Eyl" het 'n paar verdienstelike verhale „Tusschen Lip en Beker" (1878) 'n verhaal uit die Kaapse lewe; De Hardvochtige Examinator (1889) en De Diamantdief (1884) gelewer. In sy verhale vind ons nie die dik opgeplakte didaktiek nie.

Umkobele, die seun van 'n kafferkaptein, vertel op 'n geestige manier van sy ondervindinge as „Een Kaffer in Nieuw-Zeeland" (1878). Later in 1880 volg 'n verkorte druk van sy „Een Kaffer in China".

Van Fred H. Olland in 1889 is gedruk „Uit het Leven van den Zuid-Afrikaansche boer", waarin hy die lewe van die Afrikaanse boer op uitnemende manier skilder.

Ander skets en verhale is oorgeneem uit Europese tydskrifte en blaaie soos „Het Bloemenmeisje" (1885) uit De Navorscher en Twee Vlaamsche Verhalen (1888) van H. Conscience wat in Vlaamse tydskrifte verskyn het en uit „Album der Natuur". Uit „Tydspieghel" word geneem „De Nieuwe Dominee" (1890).

Die latere redakteur van H.Z.A.T. J. van der Tuuk het hom veral toegelê op letterkundige studies: „Gedachten over Opvoeding en Onderwys". "Taal onderwys op Engelsche Scholen" (1891), „Hoe moet het Hollandsch geleerd worden" (1883) e.a.

POËSIE.

As veel van die prosa in H.Z.A.T. uit buitelandse tydskrifte geneem is, is dit nog meer die geval met die poësie. Baie gedigte word uit Nederlandse tydskrifte en Nederlandse digbundels ontleen. Die poësie wat by voorkeur geplaas

word/...

word is die van Beets, Tollens, Bilderdyk, J. van Lennep en Ten Kate. Hierdie name dui die geestesgesteldheid van die S.A. publiek aan. Dit is die huislike moraliserende poësie van die Beets-Tollens tydperk.

Gedigte soos „De Echtscheiding" (1878); By de dood van myn dochtertje (1880); „Droomen" (1883); De Kerkgang (1890) van Tollens word oorgedruk.

Van De Genestet: „De Beste Vriend" (1881), „De Liefste Plek" (1889), „Komen en Gaan" (1886).

En Bilderdyk se „Weldadigheid" (1886), „De Waarheid" en "Ezopus"(1879) e.s.

Van J. van Lennep, „Sterke Drank", (1878) „Een Zeemans-liedje" (1880).

Van Beets word gedigte oorgeneem uit „Najaarsbladen" „Een Nieuw Lied voor het nieuw jaar" (1884), „Een Nederlands lied" en „Aan Rachel" 1890 en gedigte uit sy bundel „Korenbloemen" (1879).

Hierdie didaktiese poësie van die Nederlandse digters het die S.A. digters van destyds sterk beïnvloed en hulle word soms vry nagevolg. So bv. „Zuid-Afrikaansch Volkslied" (1878) deur S.J. is net 'n gewysigde „Wien Nederlands Bloed" van Tollens.

In die poësie deur Afrikaanse digters vind ons 'n mate van plaaslike kleur en toestande. Die meeste van die gediggies is in vloeiende taal en ritme. Baie gedigte is blote rymelary. Hoë kuns moet ons nie hier verwag nie maar meestal didaktiese poësie met 'n godsdienstige strekking. Een van die vernaamste bydraes op die gebied is 'n digter onder die pennaam 'S' wat lang gedigte skryf in 'n Beets en Ten Kate trant. Sulke gedigte soos „Geheiligde Liefde" (1879); „Leven, Liefde, Licht (1881) en „Lieven en Leven" (1879) is godsdienstige gedigte oor die geestelike liefde maar daarby oordrewe sentimenteel. Ander gedigte van hom is „De Dichter en de Muze" (1878) en „De Tyd" (1879)/...

(1879) volgens Ovidius.

„Liefde tot het Vaderland" (1881) is meer bedoel om die nationaliteitsgevoel aan te wakker.

Hubertus Elffers se gedigte is ook moraliserend en stigtelik soos sy „Mymering aan Zee" (1892) een van sy onuitgegewe gedigte, „Te Middernacht" (1890) en „Wachter, wat is er van de Nacht" (1890).

Elffers se gedigte is weemoedig en ernstig-godsdienstig. So is daar 'n ooreenkoms tussen die nimmer rus van die see en die rustelose lewe. Sy oorpeinsinge is dikwels gesog en onnatuurlik. Onder die opskrif „Nederlandsche Poëzie"in Zuid-Afrika" gee prof. J. van der Tuuk 'n gunstige waardering van „Bloemen in Kaapland gepluk" Elffers se digbundel.

A.Francken se gedigte „Bellen Blazen" (1891) en „De Smid" (1891) eindig ook moralisties.

Die paar gedigte van A. Pannevis is ook sterk godsdienstig. Sy „Morgenlied" 1885 klink soos 'n gebed. In „Moed" (1885) is die hooftema „De Godsdienst slegs geeft moed".

Maar die vesting van Nederlands, Die Hollandse Tydskrifte, word stadig aan ingeneem. Vanaf 1889 begin daar gedigte van W.H.M. (W.H. Maskew) en M.J.B. (M.J.Brink) in Afrikaans verskyn. Die redaksie plaas hulle gedigte omdat dit 'n middelweg volg tussen die gewone Hollands en Kaaps-Hollands, (soos Afrikaans destyds genoem is.)

Waar die ander gedigte in H.S.A.T. ernstig en sedig is, is M.J.B. en W.H.M. se gedigte grappig en geestig.

W.H.M. se gedagte is byna almal vertalings of omwerkings van Engelse of Duitse gediggies of liedjies soos „Di Varkspook" (The Spectre Pig) 1889. Suzel Beyers (Maid of Athens) 1889. Arme Werther (Volgens Thackeray) 1889, Di Meisie met 'n plaas (The lass wi' a lump o' land) 1891.

Maskew gebruik die (plat) Afrikaanse uitdrukkings van die

tyd/...

tyd om 'n humoristiese effek te behaal.

Melt Brink se humor is ook geleë in die gebruik van die taal maar sy voorstellings is beskaafder en fyner van gevoel. Sy humor is meer van die ware humor, dit bevat 'n ernstige sy, - 'n glimlag deur die trane heen.

Voorbeelde is „Die Ontroosbare Weduwee" (1891) „Zoentjies" en „Wie was de Uitvinder van Zoentjes" (1891) en „Tafelberg" (1891).

In sulke gedigte soos„ Op den Dood van Louw Wepener" (1890) en „Veracht uw minderen niet" (1892) vertoon meer M.J.B. se ernstige sy.

Brink se taal is in die begin baie na aan Hollands. Die spelling is baie Hollands maar die taal liaison is Afrikaans.

In die laaste jare van die tydskrif word Briuk se taal en spelling al meer Afrikaans bv. „By die Einde van die Jaar" (1891); Een Goeije Raad (1892) en „Van kwaad kom goed" (1892).

„Eerste reis van Org na die Kaapstad" (1889) is 'n grappige gedig in Afrikaans.

In jaargang 1892 word „'n Ware Geskiedenis: Uit die put in die klitsgras" deur J.W. Klitsgras, 'n gedig in egte Patriottaal, geplaas.

BOEKBESPREKINGS EN AANKONDIGINGS.

Die meeste boekbeskouings is oppervlakkig, met 'n soort aankondiging met 'n aanduiding van die inhoud daarvan.

Die boekbesprekings wat anoniem verskyn is waarskynlik deur prof. J.v.d. Tuuk bespreek. Hy was 'n taalkundige en het hierdie sy van die werk in die tydskrif behartig. So bv. word aangekondig „Verhalen uit de algemeene Geschiedenis voor Scholen en Huisgezinnen" (1878) „Zuid Afrika, zyn verleden en Heden. Een beknopte geschiedenis van de Europeesche Volksplantingen aan de Kaap", wat 'n vertaling is uit die Engels van John Noble. Die Resensent wys daarop dat dit nie 'n geskiedenis van S.A.

in die/...

in die ware sin van die woord is nie, want hy veronagsaam die Grote Trek.

Pieter de Neyn, wat beskryf word as die eerste Kaapse digter, se digbundel „Vroolyke Uren" (1881) word van waarde vir S.A. beskou omdat dit 'n goeie beeld van die digkuns van daardie tyd gee. 'n Paar van die mengel gedigte word aangehaal. „Looverkransen voor Transvaal gevlochten"(1884) is die gedigte wat deur Hollandse digters in Europa aan die Transvaalse Deputasie aangebied is tydens hulle besoek aan Europa in die jare 1883 - 1884. Die gedigte is byeengebring en versamel deur dr. S.J. du Toit. 'n Paar van die gedigte word ook aangehaal as voorbeeld van die inhoud van die bundel.

Sommige van die vertalings uit „'n Jolly Hotnot en andere snaakse versies uit de ouwde doos" (1890) met 'n nuwe vertaling in Afrikaans deur W.H. Maskew is besonder goed geslaag soos die van „Casabianca" en die gediggies van Heine is ook verdienstelik oorgesit.

Uit F. Lion Cachet se „Twee Jaren in Holland, Brieven aan een Vriend" word die skrywer deur N. gesien as 'n skrywer met die gawe om 'n alledaagse gebeurtenis interessant mee te deel. Sy ongekunstelde styl is sy groot verdienste.

Ballantyne die skrywer van „Six Months at the Cape" 1879 het volgens die resensent A. reg laat wedervaar aan die Afrikaners.

'n Wetenskaplike bespreking van J.T. ten Kate se gedig „De Schepping", word deur prof. J.v.d.Tuuk gelewer.

J.W.C. v.O. gee meestal net 'n kort inhoud van Hollandse vertalings uit Theal se geskiedenis (1889).

DIE ONDERGANG VAN HET ZUID AFRIKAANSCHE TYDSCHRIFT.

Die bevording van die Nederlandse taal - dit was die hoofdoel van H.Z.A.T. en om die doel nog verder te onderskraag is in Junie 1880 „Het Z.A.Taalbond" gestig en die tydskrif

het/...

het die orgaan van die Taalbond geword.

'n Hewige stryd word gevoer ten behoewe van Nederlands, maar die ondersteuners van die tydskrif het hoe langer hoe meer beperk geraak tot die uiterste ondersteuners van Hollands. Hoewel H.Z.A.T. in die begin nogal baie sukses behaal het kon dit op die duur nie opweeg teen Di Patriot nie. Die lesende publiek het al meer en meer begin Afrikaans lees.

---

3. JONG ZUID AFRIKA: Maandblad voor Jongelieden en Onderwyzers. Jan. 1893.

Die Ontstaan, Doel en Gerigtheid van Jong Z.A.

Die wenslikheid om 'n blad in die Hollandse taal uit te gee vir die opkomende geslag is eenparig uitgedruk in 1885 op die konferensie van Onderwysers wat gehou was op die tweede dag van die 25 jarige fees ter ere van Marinus Jacobus Stucki se verblyf op Blauwvallei. Maar eers in 1893 is 'n poging in die rigting gedoen met die verskyning van 'n maandblad met die naam van Jong Zuid-Afrika.

In 1891 het die hoofbestuur van die Z.A. Taalbond toestemming aan mnr. Stucki verleen om 'n omsendbrief aan Hollandssprekende onderwysers te stuur. In hierdie omsendbrief trek hy die aandag van die onderwysers op die besluit van die Kimberley se Konferensie i.v.m. Hollands as een van die nie-verpligtende vakke op skool.

Hy is oortuig daarvan dat hierdie besluite bots met die gees van die grootste gedeelte van die bevolking en van die onderwysers en onderwyseresse. Daarom maak hy 'n beroep op hulle om hulle stemme te verhef teen hierdie besluite en te agiteer vir Hollands as verpligtende vak in die skool. Die wenslikheid van 'n skoolblad word ook beklemtoon. Hierdie onderneming het gelei tot Stucki se uitgawe van 'n maandblad, Jong Zuid Afrika, waarvan die eerste nommer in Januarie 1893 verskyn het.

Marinus Jacobus Stucki was die eerste redakteur en onder die medewerkers verskyn die name van C.P. Hoogenhout en die du Toits, name wat ook in verband met „Di Patriot" staan. Hulle het in die Hollandse tydskrifte nie mededingers gesien nie maar organe wat tot 'n sekere mate dieselfde doel beoog as

„Di Patriot"/...

„Di Patriot". C.P. Hoogenhout verklaar homself 'n medewerker omdat hy ook graag tot die jeug wil spreek. Ander medewerkers van die „Maandblad voor Jongelieden en Onderwyzers" is belangrike persone soos prof. W.S. Logeman, J.H. Hofmeyr, dr. Hoffmann, prof. De Vos, prof. Marais, ds. A. Murray, ds. A Moorees, Hubertus Elffers e.a.

In die begin wedervaar die blad veel teen stand. 'n Groot grief in die oë van vele was dat ds. S.J. du Toit (Paarl) ook 'n medewerker was. Ds. S.J. du Toit het in onguns geraak oor die politieke houding wat hy ingeneem het. Hy het self vry-willig sy naam teruggetrek. 'n Ander beswaar was dat die blad by D.F. du Toit en Kie. van die Paarl gedruk is. Op versoek van die lesers is die blad later by Townshend, Taylor en Snashall in Kaapstad gedruk.

Trots alle teenstand het Jong Z.A. sy weg gevind onder die jong mense sodat dit in 1895, sy derde jaar van bestaan, byna 1,000 intekenare kon tel.

In die begin egter voer die blad maar 'n sukkelende bestaan, maar die toestand verbeter na die dood van „Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift" en nadat die „Taalconferentie" van Augustus 1894 besluit het om Jong Zuid-Afrika te steun.

Die hoofdoel van die blad was om die „jongelingschap te bekwamen en te veredelen door middel van hunne moedertaal".

Op 'n Taalkonferensie van die Zuid-Afrikaansche Taalbond in 1894 (J.Z.A. Aug. 1894) het ds. F.S. du Toit gesê dat Jong Z.A. gestig is om in 'n dringende behoefte te voorsien. Die land was oorstroom deur Engelse lektuur wat geen karakter-vormende bestanddele vir die Afrikaners bevat het nie. Om dit tee te werk en om leeslus onder die jong mense aan te wakker deur hulle te voorsien van lektuur met 'n egte Afrikaanse gees, is die strewe van die blad.

Jong Z.A./...

Author Combrinck W G
Name of thesis Die Hollandse en Afrikaanse Letterkundige tydskrifte van Suid Afrika 1944

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.